# Voor-en-toe NUUS

**Jaargang 2016** **Uitgawe 9** **10 Maart 2016**

Besoek ons webtuiste: www.steyners.co.za, Hoërskool President Steyn se Facebook blad
en kyk ook op www.schoolsthatrock.co.za

## Paasfeesbewusmaking

Die Paasfeesbewusmaking sal plaas vind op
15 & 16 Maart 2016
Toegang is gratis.
Kaartjies kan by die kantoor afgehaal word.
Kollekte/Donasie is welkom.




## Gedagte vir die week




## Sportuitslae

**NETBAL**

0/7

| | | |
|---|---|---|
| PS vs JF A | verlor | 0 - 3 |
| PS vs JF B | wen | 3 - 1 |

0/9

| | | |
|---|---|---|
| PS vs Eureka | wen | 11—5 |
| PS vs JF B | wen | 13—5 |

Die 1ste span speel met 'n gemende span op die Fichardpark Sportdag

| | | |
|---|---|---|
| PS vs Fichsburg | wen | 21 –18 |
| PS vs Middelburg | wen | 46 –21 |
| PS vs Henneman | verloor | 20 –28 |

**RUGBY**

1ste vs Hangklip verloor 54 –14
Drieë Luandrè Nel en Janco Nel.
Vervyf: Niel Smith (2)

**BAIE GELUK AAN AL DIE SPANNE!!**

## Netbal...



Op so 'n warm dag kan 'n mens nogal moeg raak as jy vir die bal moet wag… dan sit jy maar en rus eers so bietjie...

## Karate

Baie geluk aan die volgende karate manne:
Divan en Tiaan Bekker wat hul Vrystaat klere verwerf het en saam die Vrystaat Karate Span in Durban gaan deelneem aan die SA Nasionale Kampioenskappe! Indien hulle hier kwalifiseer sal hul in die SA Span ingesluit word!
Ruan en Riaan Dippenaar wat gaan deelneem aan die SA Combat Tang Soo Do (Matial Arts). Hierdie is ook een van die byeenkomste vir die seleksie van die Wêreld Kampioenskappe in 2017.






# Trompoppies



**President Steyn Trompoppies**
Geagte Ouers.
Hiermee nooi ek al die dogters vanaf **graad 1 – 12** uit, om deel te wees van President Steyn se nuwe sport - Ons eie Steyner Trompoppie span! - Geen ervaring is nodig nie. Oefeninge sal plaasvind op Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf half 3 tot half 5. Oefening sal begin op **Woensdag 13 April 2016**. Kontak my gerus vir enige vrae of inligting.
TrommieGroete
Chané Bam
062 177 1994

# Vakansie pret!

**Dis alweer vakansie tyd, en terwyl die kinders juig is dit vir baie ouers 'n kopseer. Hoe hou jy hulle besig deur die vakansie? Hier is 'n paar idees vir vakansiepret.**

**Avontuur**
Dit is 'n sleutel tot die reputasie van *supercool* ma as jy saam met jou tieners gaan *bungee* of die bruisende waters van 'n rivier aandurf in die binneband. Met jonger kinders kan jy meer gematigde avonture aanpak. Dalk kamp opslaan in die tuin?

**Bak en brou**
Stof die resepteboek af en maak 'n spanpoging tot aandete of iets lekker vir poeding!!

**Fietsry**
Spring as gesin saam op julle fietse en gaan verken die area. Pak sommer 'n piekniekmandjie in, en maak dit 'n heerlike gesinsuitsappie.




**Jagtog na skatte**
Gaan op 'n jagtog met 'n kamera – nie noodwendig net na diere nie, maar ook na interessante skulpe, insekte, munte, en so meer.

**Museumpret**
Die Nasionale Museum in die stad is nie net vol intressanthede nie, dis spotgoedkoop!! Slegs R10 vir volwassenes en R5 vir kinders.

**Natuuruitstappie**
Ons land spog met van die mooiste natuurskoon in die wêreld. Gaan hou piekniek by Oliewenhuis of gaan op 'n "staptoer" by die Botaniesetuine.

**Zzzz onder die sterre**
Om 'n aand te gaan uitkamp in die veld bly 'n heerlike avontuur vir die meeste kinders. Sit om die kampvuur, ruil spookstories uit, braai malvalekkers en skep herinneringe saam.



**Knip uit,vou en plak - jou eie boksdiertjies!**







